19 Mei 2010

OUEROMSENDBRIEF 16/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Selfbeeld is wat dit sê, naamlik: Beeld (spieëlbeeld) van hulself. Ons kan ook sê dit is soos 'n kind hom-/haarself sien.

Elke kind sien hom-/haarself in verhouding tot gesin (ouers, broers, susters, ander familie); maats; klaskamer (medeleerders, onderwyser(s), en ook in die verhouding wat sy/haar ouers met die skool het, om maar 'n paar te noem.

Die selfbeeld van die kind het baie te doen met die wyse waarop die kind sy werking, rol, samesyn in die klas, sien. In ooreenstemming met sy selfbeeld maak die kind keuses in die gesin, skoolgemeenskap, in straat (winkels, by vriende ens.) en waarin ons baie belangstel, die klaskamer.

'n Kind met lae selfbeeld is nie in staat om altyd die regte besluite te neem nie. Die gevolg daarvan kom tot uiting in sy skoolwerk, verhouding met maats, verhouding met ouers en sommer sy hele lewenshouding.

Ons sal in die volgende paar gedagtes van die week tyd spandeer aan <u>selfbeeld</u>.

In die tussentyd kom ons gee aan ons kinders al die <u>liefde</u>, <u>vergewensgesindheid</u> en <u>medelye</u> wat ons kan gee in elke gegewe situasie sonder om <u>verantwoordelikheid</u> van hul weg te neem.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A ,
H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N . H U L O N D E R S T E U N
D I E S K O O L G E R E E L D . S Ê U I S ' N O U E R V A N
B A K E N K O P A S U ' N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N
D I E S K O O L K R Y ' N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0 .
K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E
V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K) .
T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0

2. SPORTPRESTASIES SOVER 2010

Baie geluk aan die volgende leerders met hul onderskeie prestasies. Ons is trots op julle !

DIVAN HENNING	**-**	**BLOU BUL RUGBY SPAN**
JP V.D. WALT	**-**	**BLOU BUL RUGBY SPAN**
LJ TRICHARDT	**-**	**GAUTENG NOORD INDOOR KRIEKET**
WIAN VISSER	**-**	**GAUTENG NOORD INDOOR KRIEKET**
MARK LIZEMORE	**-**	**GAUTENG NOORD INDOOR KRIEKET**
STEFAN OBERMEYER	**-**	**GAUTENG NOORD INDOOR KRIEKET**
ERIK BERNHARDT	**-**	**INDOOR KRIEKET SA**
JASON BAM	**-**	**INDOOR KRIEKET SA**
PJ V.D. MERWE	**-**	**INDOOR KRIEKET SA**
JANKE BOSSERT	**-**	**SA KARATE**
CHARL LOMBARD	**-**	**ATLETIEK SA**

3. GR. 3 TOER - 19-22 OKTOBER 2010

Baie dankie vir die ouers wat al ‘n gedeelte van die toer betaal het of ten volle betaal het.

4. WISKUNDE KOMPETISIE – 26 MEI 2010

Ons skool beplan ‘n Wiskunde kompetisie wat sal plaasvind op Woensdag 26 Mei 2010.

Die doel van die kompetisie is tweeledig naamlik:

- **Leerders aan te moedig om basiese optel, aftrek, vermenigvuldig en deel kombinasies op hulle vlak te bemeester.**
- **Fondsinsamelingsprojek vir die skool.**

Elke leerder ontvang ‘n brief met volledige inligting asook ‘n borgvorm. Vra asb. u kind hierna.

5. SENIOR KOOR

Ons sal geen verdere oefeninge hê hierdie kwartaal nie. Dit is om die koorlede genoeg geleentheid te gee om goed voor te berei vir die eksamen.

6. WINTERSDRAG

Alle leerders moet nou wintersdrag dra.
Daar was genoeg tyd gegee om oor te slaan na wintersdrag en dit raak nou goed koud.

7. LIONS CLUB FUN WALK

Die Lions Club Fun Walk word weer op Saterdag 29 Mei 2010 op Laerskool Bakenkop se rugbyveld aangebied. Daar is 'n 10km, 5km en 2km wedloop.

Elke leerder het reeds 'n inskrywingsvorm ontvang. Indien u gaan inskryf, stuur u inskrywingsvorm en inskrywingsfooi terug skool toe asseblief.

Plak u inskrywing toe in 'n koevert en skryf buite op die koevert die aantal inskrywings en vir watter afstande, want dit gaan direk na die Lions Club.

Die skool kry 'n deel van die inskrywingsfooi.

8. WARM SJOKOLADE

Warm sjokolade word elke oggend voor skool by die onthaallokaal deur die leiers verkoop. Koste is R4.00 per glas. Ondersteun hul gerus.

9. KOPLUISE

Daar is weer kopluise in die skool. Sal u asseblief help deur mooi te kyk of daar by u kind kopluise of nete is. Dokters en apteke het raad.

Vriendelike groete

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF